+27 28 514 8500
info@swellendam.gov.za
swellenmun
www.swellendam.gov.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

NUWE WAARDASIE ROL - 01 JULIE 2023

DIE OBJEKSIE PERIODE HET AANGEBREEK

Die nuwe waardasierol is geldig vanaf 01 Julie 2023 tot 30 Junie 2028 en beskibaar vir publieke insae vanaf 13 Februarie 2023 tot 14 April 2023.

Elke eienaar moes al n waardasie brief ontvang het wat u eiendom se nuwe waarde aandui. Indien eienaars nie n brief ontvang het, kan hul die eiendomsbelating afdeling te skakel by (028) 514 8500 of deur n epos te stuur aan dbeukes@swellendam.gov.za of die munisipaliteit se webwerf te besoek by www.swellendam.gov.za.

Eienaars van eiendom word uitgenooi om die waarde van hul eiendom te inspekteur en indien verlang, beswaar aan te teken in terme van artikel 49 (1)(a)(ii) van die wet.

Wettige redes vir n objeksie teen enige inligting in of uitgesluit van die roll sluit in:

- Dorp Verwysing
- Voorstad
- Deel Titel Skema Naam
- Erf No
- Gedeelte
- Afdeling
- Eenheid
- Eienaar Naam
- Fisiese Adres van Eiendom
- Erf Grootte
- Enige Eiendom wat weggelaat is
- Plaas Naam
- Mark Waarde
- Kategorie

Neem asseblief kennis dat die volgende nie geldige redes/besware is nie en dus nie deur die waardasie-appèlraad oorweeg sal word nie:

- Die eiendom het geen toegang tot munisipale dienste nie;
- Die munisipaliteit verskaf geen dienste nie;
- Die eienaar van die eiendom is 'n pensioenaris en tariewe sal styg as gevolg van die hoër markwaarde; (verwys na die eiendomsbelastingbeleid rakende kortings)

- Die nuwe eiendomsbelasting (Belasting) sal te hoog wees (verwys na die begroting vir 'n sent in die rand)
- Vergelyking met soortgelyke eiendomme in die waardasierol (beswaar moet aangeteken word teen die eiendom met die verkeerde waarde en gebruik markverkope vir vergelyking);
- Vergelyking van huidige waarde met die vorige waardasie (Vergelyking moet gemaak word deur markverkope te gebruik
- Verskeie eiendomsbesware op een vorm, (Let asseblief daarop dat elke eiendom sy eie beswaarvorm moet hê)

Die munisipaliteit word oorval met navrae oor die eiendomsbelasting wat betaal moet word as gevolg van die verhoogde markwaarde. Neem asseblief kennis dat daar twee verskillende prosesse is:

- Die waardasieproses wat die markwaarde van die eiendom bepaal en;
- Die begrotingsproses wat die sent in die Rand bepaal wat gehef word op die nuwe markwaarde per eiendomskategorie vir die 2023/2024 finansiële jaar;

Indien 'n eiendomseienaar 'n wettige rede het soos hierbo aangedui vir 'n beswaar, moet sodanige beswaar teen 14 April 2023 by die eiendomsbelasting afdeling op die voorgeskrewe beswaarvorm ingedien word.

Indien 'n eiendomseienaar bekommerd is oor die eiendomsbelasting wat hy of sy gaan betaal op grond van die nuwe waardasie, kan 'n skriftelike voorlegging aan die Munisipale Bestuurder gemaak word tydens die begroting se openbare deelname proses. Besonderhede van hierdie proses sal later gekommunikeer word.

ME. A VORSTER
MUNISIPALE BESTUURDER
POSBUS 20, SWELLENDAM,
6740
Kennisgewing nr: A9/2023